

Verkorte Oorsig oor die “Normale” Christenlewe




Die Handleiding wat op hierdie webtuiste se bladsye as elektroniese lesse aangebied word, is vertaal in Afrikaans met die toestemming van die skrywer. (Handleiding: “A Tool For Personal Discipleship”. Skrywer: Art Barkley, President van [“Discipler Training International”](#). Vertaling is gedoen deur Charlotte Stapelberg. Samestelling en verwerking deur Dissipels van Jesus.

Die beklemtonings in die Bybelse tekste is deur ons gedoen

Die Christenlewe voorgestel as ‘n legkaart

Hierdie diagram stel die Christenlewe voor as die buiteprent van die legkaart en gedeeltes van Bybelse waarhede as legkaartstukke.



Verduideliking van die legkaartvoorbeeld

Die hoofdoel van hierdie les is om 'n praktiese oorsig oor die Normale Christenlewe weer te gee. Soos wat ek algaande Bybelse begrippe en kennis verwerf, stel dit my in staat om die legkaart van God se groter plan vir my lewe in mekaar te pas.



Dink aan 'n **legkaart**. Probeer om 'n legkaart te bou sonder die **buiteprent** op die boks. Indien die prent vir **verwysing** beskikbaar is, is dit baie minder frustrerend.

Die tweede diagram op die volgende bladsy, die 'Verkorte Oorsig', is soos die prent buite op die boks. Die **legkaartstukke** stel die deeltjies Bybelkennis voor.

Normaalweg versamel 'n Christen inligting deur die Bybel, vriende, boeke preke, uitsendings, gesprekke, ens. Dit mag moeilik wees om te besluit hoe hierdie nuwe inligting op my alledaagse lewe hier op aarde van toepassing is. Dit is ook moontlik om tot foutiewe gevolgtrekkings te kom, sodat my begrip van God en die Christenlewe verwronge is.

Sommige nuwe Christene raak gefrustreerd en keer terug na hulle wêreldse leefstyl. Ander mag dalk hulle lewens in **kompartmente** indeel, wat 'n 'geestelike lewe' afskei van 'n 'sekulêre lewe'. Dit bring mee dat hulle 'n aanvaarbare geestelike lewe voor ander leef, en terselfdertyd van mening is dat Bybelse beginsels nie op hulle sekulêre lewe van toepassing is nie.


Beskou eerder die verskeie komponente van jou alledaagse lewe as 'n **eenheid** waar God in elke aspek betrokke gemaak word.

Verkorte Oorsig oor die 'Normale' Christenlewe



My doel is om te verstaan hoe om Bybelse kennis in my daaglikse verhouding met God en ander, op te neem, sodat ek daarvan beskerm word om in die gewoonte van die algemene gebruike te verval en om Bybelse inligting diep weg te bêre.

Soos wat ek groei, word ek toenemend meer bewus van my behoefte om deurlopend (24/7) voor die Here te wandel, Sy goedkeuring te soek, en minder afhanklik te wees van die goedkeuring van andere.



Bespreek die verduidelikings hieronder vir elkeen van die legkaart se prentkomponente. Elkeen sal later in meer besonderhede bespreek word.



Geboorte tot Wedergeboorte - Ons elkeen behoort onself maklik te kan identifiseer of herken. Gedurende hierdie tydperk was ons van God vervreemd en het sonder hoop in geestelike duisternis geleef.

2

Oordeel van Ongelowiges het betrekking op iemand wat Christus verwerp en gedurende hierdie tydperk van sy lewe sterf. Hy is dan soos 'n man wat sy huis op sand gebou het, sonder fondasie. So iemand sal onder die **oordeel van ongelowiges** vir ewig van God verwyder word (ook bekend as die 'Wit Troon Oordeel'). Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie oordeel slegs ongelowiges sal raak, en niks te doene het met **gelowiges** nie.

In Matteus 7:24-27 sê Jesus: *Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens wandel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots. En **elkeen wat hierdie woorde van my hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes.***

In Openbaring 20:11-15 skryf die apostel Johannes: *Toe het ek 'n **groot wit troon** gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie. Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat in die boeke geskrywe staan. Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel. As daar gevind is dat iemand se naam **nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie**, is hy in die vuurpoel gegooi.*

3

Die Kruis - Hierdie gebeurtenis is die heel belangrikse in 'n mens se lewe. Volgens God se perspektief het die Christen vanuit die 'dood' (sonder Sy lewe) na die 'lewe' beweeg (waar God inwoon), van 'n lewe sonder hoop tot 'n lewe van hoop.



Johannes 5:24 *Dit verseker Ek julle: wie **luister** na wat Ek sê, en in Hom **glo** wat My gestuur het, **het** die ewige lewe. Hy word **nie veroordeel** nie, maar het reeds uit die **dood na die lewe** oorgegaan.*

4

Die Nuwe Lewe - Dit is belangrik om te verstaan dat die gebeurtenis van Verlossing of Redding, die **ingang** is na 'n nuwe lewe met God, deur Hom voorberei om elke behoefte van ons volkome te vervul terwyl ons in sy bloudrukplan inpas wat Hy ontwerp het. Hierdie plan vir ons lewens hier op aarde, is maar 'n klein deeltjie van Sy **ewige plan** vir elkeen van ons. Twee Bybelse vergelykings illustreer die Christenlewe: 'n saadjie wat ontkiem en tot 'n boom groei, en 'n mensebaba wat tot volwassenheid groei.

Die gebeurtenis van Redding is weereens slegs die **begin** van die nuwe lewe waarin ons leer om saam met God te wandel. Gedurende hierdie tydperk is dit baie belangrik vir 'n nuwe gelowige om ge-**dissipel** te word. (**geestelike ouerskap**)

1 Tessalonisense 2:7, 8, 11-13 ...*Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel. So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry...Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het:soos 'n pa sy kinders het ons elkeen van julle bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in Sy koninkryk in te gaan en so aan Sy heerlikheid deel te hê. Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys.*

5

Die Beoogde Doelwit Net soos ons verwag dat 'n jong boompie sal groot word om 'n gesonde groot boom te word wat vrugte dra, en 'n gesonde kleuter sal opgroei om volwasse te word, so is God se oogmerk om van 'n gesonde, geestelike baba 'n **geestelik volwasse, vrugdraende Christen** te maak.



6

God se Fondasie en My Boukeuses - God het 'n Fondasie, Jesus Christus, gelê. Dit verteenwoordig my Redding. Dit geld vir alle gelowiges. Nietemin, het elkeen van ons 'n keuse hoe ons op daardie fondasie gaan bou. Die gebou verteenwoordig die gebruik van my hulpbronne - **tyd, energie, besittings** - gedurende my fisiese lewe hier op aarde. Indien ek die Heilige Gees, as die Meester Boukontrakteur toelaat om my hulpbronne te gebruik, sal Hy daardie boumateriaal gebruik om 'n ewige struktuur van goud,

silwer en kosbare stene op te rig. Dit wat ek nie tot Sy beskikking stel nie, sal 'n struktuur van hout, hooi en stoppels oplewer.

In I Korintiërs 3:10-15 skryf Paulus: *Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Maar **hy moet mooi kyk hoe hy verder bou**, want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus. Of dit **goud, silwer, edelstene, hout, gras of strooi** is waarmee iemand op die fondament bou, elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets. As iemand se bouwerk bly staan, sal hy beloon word; as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog **sal hy self gered word**, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is.*



Die Regterstoel van Christus Hierdie verse praat van 'n toekomstige belonings- of toekennings-seremonie wat genoem word die Regterstoel van Christus, waar elke gelowige individueel voor Jesus Christus sal verskyn om vir die ewigheid beloon te word vir dit wat hy tydens sy lewe hier op aarde die Heilige Gees **toegelaat** het om deur sy lewe te doen. Alhoewel elkeen daarvan bewus behoort te wees dat daar 'n moontlike **verlies van ewige beloning** kan wees aangesien alles wat van **hout, gras of strooi** gebou is, tot as verbrand sal word, daar **geen vrees vir straf** behoort te wees nie. Let wel dat daar **geen ongelowige** by hierdie geleentheid teenwoordig sal wees nie.

II Korintiërs 5:9-10 *Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil. Ons moet immers almal voor die regtersteol van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad.*

Matteus 6:20-21 *Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en diewe nie inbreek en dit steel nie. **Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.***

